

# Graad 5 Natuurwetenskap en Tegnologie

4-8 Mei 2020

Maandag - Dinsdag 4 - 5 Mei 2020

Eienskappe van nie-metale:

Verlede week het ons meer geleer oor nie-metale. Hier is 'n paar eienskappe van nie-metale:

- Nie-metale kan vaste stowwe, vloeistowwe of gasse wees. (Metale is gewoonlik vaste stowwe.)
- Nie-metale is:
  - Dof
  - Bros
  - Sag
  - Gelei nie elektrisiteit nie
  - Gelei nie hitte nie

**Aktiwiteit:**

Voltooi die volgende tabel. Nie-metale kan 'n vaste stof, vloeistof of 'n gas wees. Vind verskillende nie-metale in jou huis of buite en voltooi die volgende tabel deur voorbeelde te gee.

Nie-metale wat 'n Vastestof is:	Nie-metale wat 'n vloeistof is:	Nie-metale wat 'n gas is:
Bv. Plastiek	Bv. Water	Bv. Suurstof

**Merk verlede week se opdrag:**

MEMO:

1. Noem 10 nie-metale wat in jou huis voorkom. Sê dan ook watter materiale hierdie nie-metale van gemaak is. Bv. Tafel - Hout
  - Tafel - Hout
  - Mat - Materiaal
  - Waterbottel - Plastiek
  - Water - Vloeistof
  - Glas - Glas

- Deur - Hout
  - Bed - Materiaal en hout
  - Venster - Glas
  - Klere - Materiaal
  - Skoene - Rubber, materiaal
  - **Jy kan ook ander noem.**
2. Lys 5 eienskappe van nie-metale. (bladsy 53)
- Dof
  - Bros
  - Sag
  - Gelei nie hitte nie
  - Gelei nie elektrisiteit nie
3. Kyk na die volgende prentjie. Watter materiale word gebruik om 'n motor te vervaardig? Sê ook of die materiale metale of nie-metale is.
- Bande - Rubber - Nie-metaal
  - Bakwerk - Yster - Metaal
  - Sitplekke - Materiaal/leer - Nie-metaal
  - Vensters - Glas - Nie-metaal
  - Nommerplaat - plastiek - Nie-metaal
  - Jy kan ook ander antwoorde hê.



### Woensdag 6 Mei - Vrydag 8 Mei 2020

Lees bladsy 53-54

Ons het nou metale en nie-metale behandel en gesien dat hulle verskillend is en elke spesifieke eienskappe en doele het.

Opsomming:

**Metale** is blink, hard, sterk, gelei hitte en elektrisiteit.

**Voorbeelde:** yster, goud, koper, tin, nikkel, kroom, ens.

**Nie-metale** is sag, bros, dof, gelei nie hitte of elektrisiteit nie. Kan 'n gas, vloeistof of vaste stof wees.

**Voorbeelde:** Plastiek, water, hout, papier, suurstof, koolstofdioksied, materiaal, ens.

### Aktiwiteit:

Teken die volgende tabel oor op 'n bladsy en voltooi die volgende. Vind voorwerpe in die huis en gebruik dit om die tabel te voltooi.

Voorwerp	Metaal	Nie-metaal	Lys die eienskappe
Bv. Lepel	✓		Hard, blink, solied
Bv. Sand		✓	Dof, vaste stof, gelei nie elektrisiteit nie.

Toets jou kennis:

#### Metale en nie-metale

1) Watter een van die volgende is 'n nie-metaal?

- a) Vurk
- b) Mat
- c) Pot
- d) Kraan

2) Watter een van die volgende is 'n metaal?

- a) Hout stoel
- b) Muur
- c) Glas
- d) Hamer

3) Wat is 'n eienskap van 'n metaal?

- a) Geleier van hitte en elektrisiteit
- b) Sag
- c) Dof
- d) Bros

4) Watter materiaal word geklasifiseer as 'n nie-metaal?

- a) Yster
- b) Koper
- c) Plastiek

d) Tin

5) \_\_\_\_\_ is die eienskap om solied te wees en moelike om te breek of buig.

a) Blink

b) Smeebaar

c) Hardheid

d) Rekbaar